Shepherd

"Begeleiding van Geestelike Leiers wat God se Kudde Versorg"

Tel: 051- 401 3995 | Epos: shepherd@ufs.ac.za

Like ons op Facebook: *Shepherd Centre UFS*
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

VBO: Sertifikaat in Bedieningsvernuwing

Die Sertifikaat in Bedieningsvernuwing is deur die VBO-taakspan ontwikkel, in samewerking met Communitas, Excelsus en *Shepherd*.

Shepherd bied gedurende 2015 die volgende 9 blokke op Parys, in die Vrystaat, aan!

Die 9 sentrale bedieningsfokuspunte begin met 'n inleidende gespek oor die onderskeidende lees en verstaan van die groter en lokale kontekste waarin gemeentes en die kerk haar tans bevind. Die fokuspunte is so ontwikkel dat dit oor die verloop van drie jaar tydens drie drie/twee-dag geleenthede per jaar, as 'n reis van vorming en begeleiding deur die groep wat saam met mekaar daarop vertrek, voltooi kan word. Sodoende vorm dit 'n sinvolle geheel.

Leeruitkomstes van die 9 Modules:

Module 1:	Bekom Hermeneutiese vaardighede; lees van kultuur; Evangeliese lees van situasies; kapasiteit van hoop (Jaco Hamman) en Bybelse teologie van hoop en lyding verstaan.
Module 2:	Goeie verstaan van belang en rol van gemeentes. In staat wees om die etnografie van gemeentes te kan analiseer.
Module 3:	Teologiese verstaan van Triniteit. Trinitariese manier van dink oor werklikheid.
Module 4:	Insig in mense; vermoë om ander se gawes te sien en hulle te help om beter te funksioneer. (Spiritualiteit: lewe in vereniging met Christus.)
Module 5:	Bevestiging van roeping. Verstaan van sleutelfunksies. Vestiging van pastorale ingesteldhede.
Module 6:	Vaardighede om mense te lei in aanbidding. Om die evangelie/skrif te kan kommunikeer. Om mense te bemoedig en te kan inspireer.
Module 7:	Begeleiding van mense. (Dissipelskap afrigting.)
Module 8:	Fasilitering van koinonia. Insig in hoe koinonia in verskillende grootte en tipe groepe werk.
Module 9:	Entrepreneuriese vaardighede ontwikkel en die vestiging van nuwe bedienings.

2015 | 16 – 17 Februarie | Module 1

Tema: *Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan*

Aanbieders: Rian Venter & Gerhard Botha

LW - Plek: Parys

VBO-punte: 20 per module. (U verdien dus oor drie jaar die nodige VBO-punte vir dié tydperk.)

UV Krediete: 18* (Voltooiing van al 9 Modules) *(Nie kredietdraend t.o.v. van 'n UV kwalifikasie nie)

Die res van die modules se datums sal volg.

Vir meer inligting: SMS D82537, u naam en e-posadres na 31029

Ds Christo Nel (NG Gemeente Riebeeckstad) vertel as volg van sy belewing van die kursus: *Dankie vir 'n oase in die woestyn elke kwartaal! Dis regtig hoe die twee of drie dae voel wat ons as groep besig is met die kursus. Uitgedor en droog kom ons aan, net om aan die einde verfris, vol nuwe krag en energie te vertrek. Die inhoud van elke kontaksessie was uitstekend, verfrissend en het my weggestuur met nuwe insigte en visie vir die bediening. die kontak met mede kolegas is die koeltebome by die oase! Die kuier en saam gesels oor die bediening is regtig van onskatbare waarde! Persoonlik is ek oortuig dis 'n moet vir elke leraar!*

UFSUV | UFSweb | UFSweb

Inspiring excellence. Transforming lives.
Inspireer uitnemendheid. Verander lewens.

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS UV